# GESKIEDKUNDIGE WETENSWAARDIGHEDE VAN LEVUBU EN OMGEWING 1925 - 1939

DIE EERSTE SKOLE IN SKOOL: Die eerste primêre Afrikaanse skool vir die Levubu omgewing was begin in die jaar 1925 op die plaas Barotta deur ’n boer, wyle oom Jan Naude, wat elf seuns en drie dogters gehad het. Dit was aanvanklik ’n privaatskool, maar het spoedig na sy ontstaan ’n staatsondersteunde skool geword.

Daar was toe twee onderwyseresse aangestel by name Mejj. Arlite Giesekke en Wiesie Peekema. Omstreeks 1927 is die skool verskuif na ’n meer sentrale punt, regoor die huidige Klein Australia winkel, na die eiendom van wyle oom W.E.Scott.

Hier het twee nuwe leerkragte oorgeneem by name mnr.Goldner, die hoof, en mnr.Piet Roos. Gedurende 1930 is die skool weereens verskuif in die rigting van Ratombo, na die plaas wat vandag bekend staan as Springfield wat aan oom Jack Devenish behoort het. Hier was die onderwysers mnr.Nic Maree en Piet Roos. In 1934 is Nic Maree oorlede aan maagkoors, waarna Piet Roos die hoof geword het en mej.Aletta Fick is as onderwyseres aangestel.

Na die totstandkoming van die Levubu nedersetting is die skool verskuif na die perseel van wyle Isak van der Schyff, aan die suidekant van Z-berg pynappelstoor.

KERKE: Hier was in die vroeër jare geen Afrikaanse kerke op Levubu nie, aangesien die inwonertal van die onderskeie kerke nog nie ’n kerkgebou en gemeente geregverdig het nie.

Die Berlynse sendinggenootskap het egter ’n kerk op Tshakuma gehad aangesien hulle sending onder die Vendas gedoen het. Die leraar was Eerw.Giesekke.

Die Switserse sendinggenootskap het ’n sendingkerk op Valdezia gehad waar hulle sending gedoen het onder die Shangaans: Die destydse sendingleraar was wyle Rev. Cuenod.

MALARIA BESTRYDING: Aangesien malaria baie straf was in hierdie gebied soos wat dit ook blyk uit die dagboek van die Voortrekkerleier Louis Trichardt wat self ’n kind aan die dood afgestaan het as gevolg van malaria, het die Departement van Volkegesondheid besluit om vana! 1945 malaria te bestry.

Onder die bekwame 1eiding van wyle dr.Anneke van Tzaneen en mnr.W.A.S.Coetzee wat destyds die hoof gesondheidsinspekteur in Soutpansberg was, is die taak

toe aangepak. Mnr.H.W .M. (Hennie) Naude is op 27 Januarie 1945 aangeste1 as gesondheidsbeampte onder wie se toesig 'n span werkers die werk moes uitvoer. Spesiaal vermengde dromme olie is per vragmotore lange riviere en oop waters afgelaai, om later met spuite op die water gespuit te word om sodoende die muskietlarwes te vernietig in al hulle broeiplekke.
Alle boere se huise, store en Venda hutte is met DDT en BRC bespuit om die volwasse muskiete te vernietig. Reeds na die eerste jaar was dit reeds duidelik dat die veldtog geslaagd was, en in 1948 het feitlik geen malaria voorvalle meer voorgekom nie.

DIE S.A. POLISIE

**Fort Edward (1938 - 1963)**
Die Levubu omgewing het in die jare voor die nedersetting sorteer onder Sibasa, terwyl die gebied ten weste van Banks se spruit sorteer het onder Louis Trichardt.

Die Fort Edward polisie se gebied was ten suide van die Levubu rivier en het vanaf Fort Edward ooswaarts gestrek tot by die plaas Kristalfontein. Hierdie polisiestasie is toe verskuif na die plaas Moddervlei van oom Johannes Henning, van waar dit binne drie jaar weer verskuif is na Driefontein 110, wat bekend gestaan het as Borcherspo1isiestasie.

Gedurende 1963 is die polisie stasie verskuif na waar die huidige Levubu po1isie stasie is.

**Diensdoenende lede.**
Segt.B.J.Dillon word in 1938 verplaas vanaf Fort dward en is later bevorder tot Generaal.
Segt.Robbertse neem oor by Dillon in 1938.
Segt. Mike Greyling neem oor in 1940.
Segt.Steyn neem oor by Greyling.
Segt.Strydom neem oor by Steyn.
Segt.G.Diesel neem oor by Strydom en beman Borchers polisie stasie.
Segt.Paul Bester neem oor by Diesel.
Konstabel Johan Naude was op Fort Edward vanaf 1938 tot Mei 1940. Hy was die laaste berede polisieman op Fort Edward, omdat perde nie verder beskikbaar was nie as gevolg van die Tweede Wêreld oorlog wat aan die gang was. In Mei 1940 word Johan Naude bevorder tot segt. op Alldays.
Vanaf 1940 het die Fort Edward polisie gebruik gemaak van Harley Davidson motorfietse.
(Volgens die inligting van Adjudant Louw).

DIE INWONERS EN AANGRENSENDE INWONERS VAN LEVUBU EN OMGEWING (1931 - 1936)

**Die plaas Levubu**: Wyle oom Piet Adendorff, woonagtig ongeveer by die ingang van die Levubu

Navorsingstasie se hek. ( Hier het ek vir die eerste keer mielies wat bloedrooi verkleur het as gevolg van te veel reën gesien).

**Levubu Oos**: Mnr.Gaaymans, woonagtig waar Martin Knoetze gebly het.

**Barotta**: WyIe Jock Kleinenberg en oom Jan Naude. (Oom Naude het vir Kleinenberg geboer) Jock Kleinenberg was die persoon wat Cavendish piesangs by mnr.Banks gekry het en op Barotta geplant het. Hy het ondanks die feit dat daar geen afset vir piesangs was nie, nogtans volgehou om piesangs te verbou.

**Laatsgevonden**: Mnr.D.J.Koker, swaer van Willem van der Berg.

**Weltevreden**: Wyle Willem van der Berg. Afrikaner beesboer.

**Rembander**: Mnr.Köhler (Duitser) Hy was die eerste persoon wat lietsjies kommersieël in Soutpansberg verbou het, asook mangos en saailing avokados.

Hy was die eerste persoon wat n blanke groentewinkel in Louis Trichardt begin het langs die huidige Cold Storage slaghuis, omstreeks in 1926.

**Klein Australië**.Oom W E Scott, die oupa van die de la Rey kinders, Hendrik, Willie Joubert en Poppie Kelley. Vanaf Barotta is die eerste blanke skool na hierdie eiendom aan die noorde kant van die tans nog bestaande Klein Australia winkel.

**Klein Australia**: Frikkie van Graan (Waar Pieter Coetzee tans woon).

**Nooitgedacht**: F.Sinclair, gekwalifiseerde boekhouer. Eiendom behoort tans aan Geldenhuys.
**Nooitgedacht**: Oom Jack Kruger, vader van Boetsak Kruger, Henda Badenhorst en mev.van Blerk. Die eerste beesspekulant in hierdie omgewing.
**Appelfontein:** Mnr.Donaldson het hier geboer.Tans bekend as U No Me.
**Springfield**: In 1925 eers behoort aan oom Louw Fick, toe aan oom Jack Devenish. Die skool is later na hierdie plaas verskuif.
**Ratombo**: Oom Jan Naude het vroeg in die dertiger jare hierheen verhuis vanaf Barotta, en gebly waar die huidige saagmeule vandag is.Oom George van Zyl het aan die noordekant van die teerpad gewoon. Die meeste saailing avokadobome se pitte wat vroeër op Levubu geplant is, kom van oom George van Zyl af.
**Schoonuitzicht:** Mnr.Banks, die oom van Oscar Muirhead het hier geboer. Hy was een van die eerste sitrusboere in Soutpansberg. Mnr.Banks was die eerste man wat piesangs van af Natal per trein laat kom het. Aangesien die trein in daardie jare net tot op Pietersburg geloop het, moes hulle die piesangstompe per ossewa daarvandaan laat aanry. Die piesangs het fantasties gegroei, gedra en alles gedoen wat van hulle verwag was, maar aangesien daar geen afset vir die oes was nie, moes hulle maar die verbouing daarvan staak.
Van hierdie piesangs is toe deur Jock Kleinenberg op Barotta geplant en verbou.

**Levubye**: Bill Ash,broer van Morte Ash het hier geboer. Britse soldaat wat na die Anglo Boere oorlog hier agter gebly het.
**Waterboom**:Morte Ash, ’n besonder begaafde persoon, boer en sakeman. Later een van die grootste kenners van grondboontjies van sy tyd. Hy het onder andere twee cultivars geteël wat hyself met sukses verbou het.
**Versameling van Water**: Mnr.H.Kuhler, Fries melkboer, grootste van sy tyd.
**Vaalkop**: Richard Liengme. Met hom het ek en my pa die grootste kommunikasie probleem gehad omdat hy van Switserland hierheen gekom het, en nie ’n woord Engels of Afrikaans kon praat me. Gelukkig kon hy Shangaan met ’n Franse aksent praat, en ek het as tolk vir hy en my pa opgetree. Vir die Swartes van daardie tyd was dit iets onvergeetliks.
**De Hoop**: H.P.Terblanche, bees, vark en tabakboer.
**Driefontein 110**: W.F.Borchers, sakeman, sitrus-, mango- en avokadoboer. Vooruitstrewende sakeman wat 48 winkels gehad het. Boonop was hy die grootste nartjieboer in die suidelike halfrond. Op hierdie plaas het ek in 1931 die eerste keer mangos, lietsjies en avokados gesien en ge-eet.

Opgestel vir die 150 jarige Groottrekfees gehou in Levubu laerskool op 13.04.88 deur die Levubu Feeskomitee.